DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

## DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Januarie 2026

‘n Oorskou oor 2025 gaan ek nie lewer nie, wel ‘n paar gedagtes. Uitdagings was daar genoeg van, die kruks is hoe is dit hanteer? Gesaaides word met groot optimisme in die grond gedruk, die verwagtinge beskaam nie. Afwagting en verwagting realiseer meestal, maar is nie die norm nie, soos dit in die afgelope jaar die geval was. Graad 1 mielies was relatief skaars, graad 2, graad 3 en voergraad mielies was daar silo’s vol. Beperkings op finansiële vermoë en groter druk op finansiële verpligtinge, het logies uit hierdie situasie voortgespruit. Daar is al vir my gesê dat “die enigste manier om te herstel van 'n mislukte aartappeloes, is om weer aartappels te plant”!

‘Breeding Livestock for Functional Efficiency’ beteken in effek net een ding, OM SOVEEL AS MOONTLIK GOEIE ROOIVLEIS TE PRODUSEER PER EENHEIDSOPPERVLAK. Voldoen die Drakensberger aan hierdie uiters belangrike beginsel? Met onderskeiding!

Glo ons as Drakensbergertelers dit? Indien die antwoord ‘JA’ is (ek het geen twyfel daaroor nie), is die fokus korrek om die Drakensberger se funksionaliteit te beklemtoon as rede vir finansieel suksesvolle beesboerdery.

Stoettelers het ten doel om die beste genetika te selekteer en aan te wend, om die ideale dier aan te bied vir verdere produksie. Om meer kalwers by geboorte lewendig te verkry, wat bo gemiddelde groei toon met kwaliteit melk, wat van mediumraam grootte is, vrugbaar is en lank lewe. Klink eenvoudig nè? Voorwaar ‘n uitdaging.

Nie net vir die teler of die koper nie, maar erger so vir die bul! Groot verwagtinge word aan die dier gekoppel. Wat met groot vertroue tussen die koeie losgelaat word, om die bewys te lewer dat die Drakensberger wel die Winsbees is.

Beoordelaars en lede wat die keuringskursus gaan bywoon, sal die geleentheid kry om hierdie uiters belangrike konsep te beleef en te ervaar waarop keurders fokus om die funksionele doeltreffendheid van die Drakensberger te identifiseer.

Kersvader het toe in die skoorsteen vasgesit en ‘n groot klomp geskenke teruggestuur wat nooit uitgedeel is nie. Hy het wel hier en daar ‘n bekommerde kader wie se gemaksugtige leefstyl tot ‘n einde snel, bedien met ‘n belofte van drie etes ‘n dag, in ‘n baie beskermde omgewing, met goeie 24 uur sekuriteit.


Wanneer ek dink en nie verstaan hoe ‘n bevrugte eiersel ‘n kalfie word nie, is ek intens bewus van die nietigheid van die mens, wat homself (haarself) met vermetelheid sodanig ag om God te misken. Besigtigings van katedrale word adverteer as spesiaal maar is myns insiens treurig. Ek sal veel eerder die kerk vol kerkgangers wil beleef. Ons vorder miskien met beesteling, maar die mens regresseer. Ek sal balans wil behou deur kontak met mede Drakensbergertelers wat min of meer dink soos ek.

As ek ‘n sê het, sal ek graag ‘n slagspreuk wil uitdink wat eksklusief aan die Drakensberger gekoppel is en wat in almal se gedagtes sal herhaal. Die tema? Funksioneel Doeltreffend.

Beste wense vir 2026 en mooi loop.

Johann Fourie

## Met dank aan **Sambesi**, ons Januarie-borg




# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: Sambesi | 2 |
| Nuusbrokkies | 3 |
| Keurdersopknapping | 4 |
| Gesels met Frank Poulter | 5 |
| Vleisbeesseleksie Kursus | 8 |
| Waarde van inname groeitoetse | 9 |
| Voerkraalinligting | 14 |
| Borge | 16 |
| Stoettelers | 17 |

# Nuusbrokkies

## Lief en Leed

Baie geluk aan almal wat in Januarie verjaar:

- 5 Januarie - Dr Pieter-Jan Pienaar
- 16 Januarie - Dr Jan Erasmus
- 17 Januarie - Leonard Neuman
- 23 Januarie - Piet de Villiers
- 23 Januarie - Dieter Beneke

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974    071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## KANTOOR GESLUIT

Die kantoor is gesluit vir die vakansie en open weer die 5de Januarie 2026.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

**Die BGP2-program se tweede rondte is aan die gang. Maak gebruik van hierdie toetse om die beste uit jou beeste na vore te bring. Die koste hiervoor is R448.00 + BTW. Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.**

## KUIER SAAM OP ONS Sosiale media

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/




## DAGBOEK DIT!

Die dagboeke en dagbeplanners vir 2026 is nou beskikbaar.
Kontak gerus die kantoor.

## VOLG ONS OP YOUTUBE

**Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.**

**Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos**



DRAKENSBERGER · DIE WINSBEES · THE PROFIT BREED

# 2026 KEURDERS-OPKNAPPING

*Gryshoek*



**Datum:** 22 Januarie 2026
**Tyd:** 09:00 **Plek:** Gryshoek
**RSVP teen:** 10 Januarie 2026

*Gelei deur senior keurders en internasionale beesbeoordelaar PJ Budler*

**Navrae en besprekings:**
Melissa Blom - 071 283 9943

DRAKENSBERGER · DIE WINSBEES · THE PROFIT BREED

# 2026 KEURDERS-OPKNAPPING

*Gryshoek*

## Program

**21 Januarie 2026**
*Volksrust Battlefields Lodge*

| | |
|---|---|
| 09:00 – 13:00 | Raadsvergadering |
| 14:00 – 14:30 | Spesiale AJV |
| 14:30 – 17:30 | Toerleiers & senior keurdersvergadering |
| 18:00 | Braai-geleentheid |

**22 Januarie 2026**

| | |
|---|---|
| 07:00 | Buffet ontbyt (R100.00pp)<br>(*Volksrust Battlefields Lodge*) |
| 09:00 | Keurders opknapping<br>(*Plaas Gryshoek* - Pikkie Uys) |



Gesels saam

## met Frank Poulter

**Frank Poulter – Oudste lid van die Drakensberger Ras deel bietjie geskiedenis en ras trots**

### Inleiding


Die Drakensberger beesras het oor dekades 'n unieke plek in Suid-Afrikaanse veeboerdery verwerf – en een van die mense wat daartoe bygedra het, was **Frank Poulter**. Sedert hy in 1969 sy eerste stap geneem het met Buffalo Valley Farms, het Frank nie net 'n stoetteler geword nie, maar ook 'n ambasadeur wat die ras op nasionale skoue en in die boeregemeenskap gevestig het. Vandag, as die oudste lid van die Drakensberger Genootskap, deel hy sy verhaal van toewyding, innovasie en liefde vir die ras.

### Die Begin van 'n Reis

"**In 1969 het ek die maatskappy, Buffalo Valley Farms geregistreer en my beesboerdery het daar begin.**" Dit was die jaar waarin Frank sy eerste stap geneem het op 'n pad wat hom sou verbind aan die Drakensberger.

### Hoe Frank 'n Keurder geword het

Frank verduidelik: "**Ja, ek was 'n keurder. Opleiding was nie formeel gedoen nie. Ons was gekeur deur om beeste (5 bulle en 5 koeie) te assesseer en te besluit of hulle gebrandmerk kon word as Drakensberger.**"



Diegene wat geslaag het, het as **junior keurders** begin: "**Hulle moes vir die daaropvolgende 3 jaar saam met senior keurders toer. Na daardie in-diens opleidings tydperk, het hulle senior keurders geword.**"

Hy onthou sy eerste toer as senior keurder: "**My eerste toer as senior keurder, het George Terblanche my vergesel. Ek het voorgestel dat die betrokke boer teenwoordig moes wees, sodat hy kon hoor hoe ons die keuringsproses bespreek.**"

Geen formele opknappingskursusse is gedoen nie: "**Nee, ondervinding was ons beste leermeester.**"

### Hoe lank en wat het 'n keuringstoer behels?

Frank verduidelik: "Ja, ek het baie saam gaan toer en dit het normaalweg enige tyd geduur van **2 tot 5 dae**, afhangende van hoeveel boere besoek was vir die keuring."

Die toere was intensief en prakties:

- 'n Span keurders het van plaas tot plaas gereis om kuddes te evalueer.
- Elke dier wat aan die rasstandaarde voldoen het, is **met 'n "D" brandyster gemerk**.
- Die atmosfeer was professioneel maar informeel genoeg om verhoudings te bou:



“Ons kleredrag was gemaklik-netjies. Vriendelik, samewerkend en professioneel.”

- Junior keurders moes vir **3 jaar saam met senior keurders toer** voordat hulle self senior keurders geword het.

Hierdie toere was dus nie net ’n keuringsproses nie, maar ook ’n **leerervaring en ’n geleentheid om kennis te deel**.

**Die Raad en die NAMPO-skou**

Frank se betrokkenheid het verder gegaan as  sy eie plaas. Hy het ’n historiese rol gespeel: “**Ek was die eerste persoon wat die Drakensberger beesras op die NAMPO-skou verteenwoordig het.**” Hiermee het hy die ras aan ’n breër publiek bekendgestel en ’n fondament gelê vir toekomstige groei.

Hy onthou die raad van daardie tyd met trots: “**Mev. Hills was ’n uitstekende sekretaresse en organiseerder.**” En van die leiers wat indruk gemaak het: “**Neil Reynecke, Koos Botha.**”

**Skoue: Sigbaarheid en Seleksie**

Skoue was oor Frank se loopbaan **baie groot** en die spilpunt van publieke sigbaarheid.

“Die **Pretoria Skou** was die **nasionale skou** en was die **grootste**.”

**Skou-dinamiek in daardie era:**

- **Nasionaal & Streek:** Na die Pretoria Nasionale Skou het **streekkampioenskappe** gevolg op plekke soos **Standerton, Nelspruit, Potgietersrus, Middelburg, Volksrust, Frankfort, Vrede**, en meer.
- **Publiek & Opkomendes:** Skoue het die ras **bekendgestel aan opkomende boere**, kommersiële produsente en die algemene publiek—krities vir **marktoegang** en **vertroue**.

**Die Groot Skou-Telers**

Frank noem verskeie telers wat **konsekwent sterk** op skoue gevaar het en die ras **uitgedra** het:

- **Freddy Benecke** – ’n **prominente skouteler** wat kwaliteitkonsekwentheid gewys het.
- **Nelbroers** – sterk **familietradisie** met gefokusde seleksie in kuddes.
- **C.Y. Vicory** – uit die **Memeldistrik**; raadslid, inspekteur en skrywer; het boere **geadviseer** en publisiteit gedra.
- **George Terblanche** – deel van Frank se **eerste senior keuringstoer**; betrokke by skoue en keurings.
- **Oubie de Jager** – ’n **staande naam** op verskeie skoue.
- **Mnr. Van Rensburg (Frankfort)** – streekspeler met **sigbare bydrae**.
- **Beukes** – bekende **skouteenwoordigheid**.
- **Mnr. Willemse (Standerton)** – het die ras **in die streek gevestig**.
- **Mnr. Van der Watt (Ermelo)** – **konsekwent** op streekskoue.

Hierdie telers het saam die **skoufondasie** sterk gemaak en die ras se **standaarde** en **sigbaarheid** verhoog.

**Boeredae en Spesiale Dae**

In Frank se tyd was boeredae dikwels **spontaan georganiseer deur die boere self**—praktiese saamtrekke op plase of by klubvenues waar kennis uitgeruil is, kuddes vergelyk is, en bulkeuses bespreek is. Soos Frank dit stel: “Daar was spontane boeredae gehou wat onder die boere self gereël is, maar **ek het nooit een gereël nie**.”

**Uitstaande Karakters en ’n Lewende Erfenis**

Die Drakensberger se geskiedenis is nie net gebou op kuddes nie, maar op mense. Frank onthou name soos **Japie van Niekerk** en **Johan Klopper** as telers wat met hul karakter en toewyding ’n groot indruk gemaak het. Verder is daar families wat vandag nog boer met Drakensbergers – ’n bewys van die ras se volhoubaarheid en die passie wat van geslag tot geslag oorgedra word: **Uys**, **Benecke**, **Koos Botha**, **Wim van Schalkwyk**, **Gerry Penzol**, **Pieter de Villiers**, en die **Meulstroom-groep**.

**Die Mense agter die Drakensberger**

Frank se tyd was gekenmerk deur ’n netwerk van toegewyde telers en leiers wat saam die ras bevorder het:



- **Neil Reynecke & Koos Botha** – Raadlede wat volgens Frank 'n groot indruk gemaak het met hul visie en leierskap.
- **Freddy Benecke** – Een van die groot telers en 'n prominente figuur op skoue.
- **Gert Odendaal, John de Jager, Magiel Blom, Pierre Uys, JJ van Niekerk, Renier van Rensburg, MK Wessels, Johan Klopper en P.L. Moolman** – Kernlede van die raad wat aktief betrokke was by keurings, skoue en die uitbreiding van die ras.
- **Uys-familie, Clive Richardson, Johan Retief, Gawie Roux, Nelbroers** – Goeie telers wat die ras landwyd gevestig het.
- **C.Y. Vicory** – 'n Engelse boer wat in die Memel-distrik geboer het en 'n raadslid en inspekteur was. Frank sê: "**Vicory het baie kennis gehad oor beeste in die algemeen en was baie deur boere op skoue genader om inligting te deel.**"

Hierdie groep het saam met Frank 'n era van groei en professionaliteit geskep – van keurings tot groot skoue soos die Pretoria Nasionale Skou en NAMPO.

**Mentors en Invloed**

Hoewel Frank nie 'n formele mentor gehad het nie, onthou hy die invloed van Vicory en ander telers wat hul kennis vrylik gedeel het.

**Meer oor C.Y. Vicory**

Frank vertel dat **C.Y. Vicory** 'n unieke rol gespeel het:

- Hy het van **Engeland** af gekom en in die **Memel-distrik** geboer.
- Vicory was **raadslid**, **inspekteur**, en het op die **publisiteit- en inligtingskomitee** saam met Frank gedien.
- Hy het artikels geskryf oor die Drakensberger-ras en was 'n **kenner van beeste in die algemeen**.
- Boere het hom gereeld op skoue genader vir advies, en hy is dikwels na plase genooi om kuddes te evalueer en raad te gee. Frank sê: "Vicory het baie kennis gehad oor beeste in die algemeen en was baie deur boere op skoue genader om inligting te deel."

  Vicory se bydrae tot publisiteit en kennisdeling het die ras 'n groot hupstoot gegee en hom een van die mees gerespekteerde figure van sy tyd gemaak.

  Vicory het ook gesê "**Ek was oortuig daarvan dat die Drakensberger koei, die beste koei is om mee te boer.**"

**Erfenis en Toekoms**

Vir Frank is die Drakensberger meer as net 'n beesras – dit is 'n gemeenskap. "**Ek voel baie sterk daaroor om kommersiële telers te promoveer, hulle te adverteer en naby aan die genootskap en telers te hou, soos bv. Die bul van Jan de Hofstee.**"

Sy nalatenskap is duidelik: 'n ras wat vandag nog floreer, 'n netwerk van telers wat saamstaan, en 'n geskiedenis waarin sy naam met trots geskryf is.

## *Unistel DNA-toetse*

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesluit) |
|---|---|
| Normale prys vir 2025 < 30 | R 269.10 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 255.65 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 248.92 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 242.19 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.



DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# 2026 VLEISBEES SELEKSIE KURSUS

**Kom en geniet twee dae saam met die Drakensberger-ras.**

## 12-13 FEBRUARIE 2026

Plek: Potchefstroom
Kostes: R1500 per persoon
Navrae en besprekings:
Melissa Blom - 071 283 9943
Udo Beneke - 082 797 8088

# 2026 VLEISBEES SELEKSIE KURSUS

DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

## Program

**Donderdag, 12 Februarie 2026**

| | |
|---|---|
| 10:00 - 13:00 | Administrasie van vleisbeeste<br>Standaard van voortreflikheid<br>Afkeur en diskriminasie teorie |
| 13:00 - 14:00 | Middagete |
| 14:00 - 17:00 | Praktiese demonstrasie in kraal |

**Vrydag, 13 Februarie 2026**

| | |
|---|---|
| 09:00 - 11:00 | Teorie eksamen |
| 11:30 - 12:00 | Praktiese keuring opknapping |
| 12:00 - 13:30 | Praktiese keuring eksaminering |
| 13:30 | Middagete |

**R1500 per persoon (middagetes en opleidingsmateriaal ingesluit). Akkommodasie is nie ingesluit nie. Lys van gastehuise is op aanvraag beskikbaar. Vir enige navrae, kontak gerus vir Melissa: 071 283 9943 of drakensberger@studbook.co.za**

# DIE WAARDE VAN INNAME GROEI-TOETSE VIR VLEISRASBULLE

*Deur D.J. Bosman Pri.Sci.Nat. (Veekunde), Kranskop, KZN*

In Suid-Afrika speel voerkrale 'n prominente rol as produksiestelsel in die voorsiening van beesvleis. Die meeste beesvleis (85%) wat deur Suid Afrikaners in die stede gebruik word, word deur voerkrale geproduseer. Voerkrale is voordelig omdat hulle beeste van die veld afhaal sodat meer koeie aangehou kan word. Die bedryf het steeds te min teelkoeie sodat sowat 230 000 speenkalwers jaarliks van Namibië ingevoer word.
Voerkrale rond vandag sowat 1.5 miljoen diere per jaar af. Met 'n gemiddelde toename van 200kg gewig per kalf is die totale toevoeging van beesvleis sowat 300 miljoen ton. Voeg die speenkalf gewig van 220kg by dan is die totale produksie 630 miljoen kg vleis. Dit is dus 'n betekenisvolle produksiefase wat diere vereis wat in 'n voerkraal omgewing kan aanpas en oor voldoende groei en 'n voordelige voeromsetverhouding beskik. Met 'n toenemende hoeveelheid vleissnitte wat uitgevoer word, word die gehalte vleis belangrik. Rasse of raskombinasies wat nie aan die voerkraal vereistes voldoen nie sal doodeenvoudig 'n swakker prys vir 'n speenkalf ontvang of die kalf sal nie aangekoop word nie.

## GESKIEDENIS

In Suid-Afrika is groeitoetssentrums reeds vanaf 1963 by Departementele Navorsingstasies opgerig en aan stoettelers beskikbaar gestel om jong bulletjies vanaf speenouderdom aan groeitoetse te onderwerp. Mettertyd is privaat toetssentrums goedgekeur en by die prestasietoetsprogram ingelyf. Die kern doel is om genetiese verskille vir naspeengroei (GDT) en voeromsetverhouding te bepaal. Ander eienskappe wat aandag geniet is reproduksie volgens skrotum omvang en skelet ontwikkeling volgens liggaamsmates. Aanpasbaarheidheidseienskappe onder intensiewe voedingstoetstande was 'n belangrike toevoeging.
In die begin van groeitoetse in 1963 is 'n warm meelrantsoen met 2kg hooi per bul per dag gevoer. Die voermaatskappye in Suid Afrika het nie 'n pilmasjien gehad wat 'n pil kon maak met voldoende ruvoer nie. Die rantsoen het heelwat probleme veral opblaas, laminitus en uitgroei kloue veroorsaak. Dit was gou duidelik dat bulle met die meelrantsoen in 'n mate kieskeurig was en dat 'n pilrantsoen met sowat 35% ruvoer nodig was. Die voermaatskappy in Pretoria het vroeg in 1970 'n pilmasjien bekom wat 'n betekenisvolle verbetering was. Die rantsoen is 'n groeirantsoen met 14-16% ru-proteïen en nie 'n voerkraal afrondingsrantsoen nie. Die doel van die rantsoen is om spiergroei te bevorder.
Eienskappe wat vir die voerkraal belangrik is is bespiering en naspeengroei (GDT), voeromsetverhouding, kwaliteit vleis en voerkaal aanpasbaarheid. Dit is die eienskappe wat met intensiewe groeitoetse aandag geniet. In die vroeë jare van intensiewe groeitoetse was uitgroeikloue, laminitus, opblaas, rumensteurnisse en lugweg ontsteking (veral in die



winter) ‘n betekenisvolle probleem hoofsaaklik by die inheemse en indicus rasse. Gedurende die eerste 20 jaar (1963-1983) van intensiewe groeitoetse was opblaas met ‘n genetiese basis ‘n probleem. Die lyne is identifiseer en stelselmatig is die probleem uitgeteel. Uitgroeikloue, laminitis en lugwegontsteking veral by die inheemse rasse het in ‘n ernstige mate voorgekom. Sulke diere het swakker presteer en is geslag. Alle rasse het by die intensiewe toetse oor tyd baat gevind omdat ongunstige gene geïdentifiseer en uit die genepoel van die rasse verwyder is. Die genetiese verbetering op hierdie vlak was vir die verskillende rasse en vleisbees bedryf in sy geheel belangrik.

In 1990 is die toetslengte nagevors en verander dit vanaf 1991 na 112 dae. Na verdere navorsing is die groeitoets in 1999 verkort na die huidige 84 dae. Dit het die toets heelwat goedkoper gemaak en die druk van ‘n intensiewe omgewing heelwat verlig. Die inheemse rasse veral het betekenisvol verbeter ten opsigte van bespiering, groei, voeromsetverhouding en voerkraal aanpasbaarheid. Die nageslag van hierdie bulle was onder veldtoestande funksioneel sterker. Die slag van afgekeurde en slagklousule bulle is ‘n dissipline wat die rasse en vleisbedryf vandag by baat vind.

## DIE WAARDE VAN GROEITOETSE

Groeitoetse het waarde as groei effektief gemeet word. Indien voldoende groei gedurende die toets plaasvind word genetiese verskille doeltreffend bepaal met ‘n voordelige erfbaarheid. In ‘n groeitoets wat op weiding plaasgevind het met ‘n 70 dae afrondingsfase voor die veiling is die invloed van die gemete eienskappe op bulpryse bepaal. Dit is gevind dat met ‘n gemiddelde groei van 550g per dag die groei geen effek op die bulpryse gehad het nie. Die groei van gemiddeld 1260g per dag gedurende die afrondingsperiode van 10 dae het ‘n 34 persent effek op die veilingsprys gehad gevolg deur skrotum omvang met ‘n 24 persent invloed. ‘n Minimum groei van 500 tot 700g per dag het geen ekonomiese voordeel op bulpryse nie omdat die groeigolwe van bespiering op die dier se liggaam nie voltooi is nie.

Die verskillende dele van die liggaam is onderworpe aan verandering volgens die voeding wat die dier ontvang het. Die raam (beenstruktuur) van die dier groei maksimaal vroeg in die dier se ontwikkelingsfase, gevolg deur bespiering en vet. Die liggaamsdele wat later ontwikkel word betekenisvol beïnvloed deur die voeding wat beskikbaar gestel word. Die neerlê van bespiering bestaan uit groeigolwe in die liggaam wat by die lende en kruisstuk eindig. Die teler selekteer bulle met ‘n beter lende en kruis ontwikkeling omdat die bespiering sigbaar is. Indien die bul op ‘n lae voedingspeil getoets word vind die ontwikkeling van die lende en kruis nie volledig plaas nie. Die dier kan dan nie korrek geëvalueer word nie. Dit is waarom telers bulle afrond vir ‘n veiling op ‘n later ouderdom van 30-36 maande wanneer alle dele van die liggaam volledig ontwikkel is. Die bul vertoon beter.

## “ROLLS-ROYCE” KOEIE

Wyle Prof Jan Bonsma het in sy agterplaas in Pretoria lêhoenders geteel. Dit was nie lank nie toe wen sy hoenders die Suid Afrikaanse eierlê kompetisie. Wat was sy geheim? Hy het henne geselekteer wat minstens 250 eiers kon lê in 336 dae. Verder moes die henne in die proses minstens 250g in gewig toeneem. Indien nie is hulle uitgeskot. Waarvoor het hy indirek voor geselekteer om die lêhenne te teel: Voeromsetverhouding. Die lêhenne wat hulle kos die beste kan omsit in eiers en gewig was die beste produseerders en die wenners.

Kan hierdie beginsels by vleisbeeste toepassing vind? Sekerlik. Selekteer bulle met ‘n voortreflike voeromsetverhouding. Selekteer koeie wat relatief ‘n swaar speenkalf speen en wat nie in die proses gewig verloor nie. Dit sal vereis dat die koeie met geboorte en speen van die kalf geweeg word. En die koei sal weer dragtig moet wees. Dit is die Rolls-Royce koeie van die bedryf wat voedsel doeltreffend kan gebruik en maksimaal produseer.

## GROEITOETSRESULTATE VIR DRAKENSBERGERBULLE

Die Drakensbergerras neem reeds vanaf 1965 aan Departementele



groeitoetse deel. In die begin is minder as 10 Drakensberger bulle jaarliks getoets. Met die oprigting van privaat toetssentrums is vanaf 2015 meer as 100 Drakensberger bulle per jaar getoets. Die resultate van intensiewe groeitoetse vir Drakensberger bulle verskyn in Tabel 1. Die twee eienskappe gelys is gemiddelde daaglikse toename naspeen (GDT) en voeromsetverhouding (VOV).

**TABEL 1:**
**Resultate van Drakensberger bulle in groeitoetse**

| JAAR | TOETS LENGTE (DAE) | AANTAL | EIND GEWIG (kg) | GDT (g) | VOV |
|---|---|---|---|---|---|
| 1965-90 | 140 | 539 | 466 | 1383 | 7.42 |
| 1991-98 | 112 | 257 | 438 | 1544 | 6.85 |
| 1999-2017 | 84 | 1252 | 395 | 1611 | 5.92 |

*Bron: Departementele, LNR en Stamboek Jaarverslae*

Dit is nie moontlik om bulle wat in verskillende toetslengtes getoets is te vergelyk nie. Nietemin het die groeivermoë na speen en die voeromsetverhouding van die Drakensbergerras oor die afgelope 52 jaar 'n voordelige verbetering getoon. Die Rouvus toetssentrum verseker dat veel meer Drakensberger bulle van verskillende kuddes en ook van ander rasse aan ‘n intensiewe groeitoets onderwerp word. Die resultaat verskyn in Tabel 2.

**TABEL 2:**
**Groeitoetsresultate 2013 tot 2017**

| JAAR | AANTAL | EIND GEWIG (kg) | GEM GDT (g) | VARIASIE (g) | GEM VOV | VARIASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 | 48 | 393 | 1533 | 1208-2011 | 6.10 | 4.97-8.06 |
| 2014 | 55 | 386 | 1563 | 1200-2111 | 5.97 | 4.93-7.79 |
| 2015 | 52 | 389 | 1627 | 1100-2147 | 5.92 | 4.35-7.67 |
| 2016 | 55 | 422 | 1692 | 1371-2100 | 5.69 | 4.23-7.27 |
| 2017 | 45 | 412 | 1853 | 1443-2475 | 5.37 | 4.16-6.67 |

*Bron: SA Stamboek*

Dit is voordelig om variasie te ontgin sodat dit in ‘n meer voortreflike kombinasie hersaamgestel kan word. Die variasie het elke jaar na ‘n hoër vlak beweeg. Die gemiddelde GDT in 2013 was 1533g per dag. Dit het met 20.9 persent verbeter na 1853g per dag in 2017. Die gemiddelde VOV was in 2013, 6.10kg per kg toename. Dit het in 2017 verbeter met 13.6% na 5.37. Die bulle met die beste VOV het verbeter vanaf 4.97 na 4.16 in 2017, ‘n verbetering van 19.5%. Die GDT en VOV variasie is duidelik wat sulke groeitoetse betekenisvol maak. Swakker presterende bulle word geslag afgesien van ‘n “mooi” voorkoms.

## BEVORDER VOEROMSET REPRODUKSIE DOELTREFFENDHEID?

Die twee reproduksie eienskappe waarvoor teelwaardes bepaal word mag ‘n antwoord gee. Hierdie twee eienskappe is koeivrugbaarheid (KV) en lanklewendheid (LL). Koeivrugbaarheid (KV) is 'n Teelwaarde wat bepaal word vanaf die tussenkalfperiode met inagneming van die eerste 4 kalwers van ‘n koei. ‘n Laer teelwaarde is meer voordelig omdat dit ‘n korter TKP aandui. Lanklewendheid (LL) is die retensie van ‘n koei of bul se seuns en dogters tot op 10 jaar ouderdom.
Indien ‘n bul of koei se dogters in ‘n kudde behoue bly sal lanklewendheid ‘n hoër syfer toon.



**TABEL 3:**
**Genetiese korrelasies tussen koei vrugbaarheidseienskappe en groei eienskappe.Neem in ag dat 'n laer VOV (minder over gevreet per kg toename) en 'n laer KV (korter TKP) teelwaardes voordeliger is, terwyl vir al die ander eienskappe hoër teelwaardes beter is, en Volwasse gewig, wat meer intermediêr is)**.

| EIENSKAP | KV | LL |
|---|---|---|
| GDT | -0.28 | 0.47 |
| VOV | 0.25 | -0.41 |
| Volw. Gewig | -0.24 | 0.62 |
| Hoogte | -0.07 | 0.35 |
| Lengte | 0.00 | 0.35 |

*Bron: SA Stamboek*

Uit Tabel 3 is dit duidelik dat koeivrugbaarheid 'n voordelige korrelasie van 0.25 het met VOV. Dit is nie 'n hoë korrelasie nie wat toon dat ander faktore 'n groter rol speel. Nietemin is die korrelasie in 'n voordelige rigting. Die korrelasie met lanklewendheid is by -0.41 heelwat hoër en 'n goeie aanduiding dat VOV 'n voordelige invloed op reproduksie uitoefen.
Interessant is dat 'n hoër volwasse gewig lanklewendheid positief beïnvloed met 'n genetiese korrelasie van 0.62. Dit beteken dat die swaarder, langer koeie (nie noodwendig laatryp koeie) 'n reproduksie voordeel het. Hoogte en lengte in die Drakensberger het geen effek op KV nie terwyl dit wel lanklewendheid bevoordeel. Die gevolgtrekking wat hieruit voortvloei is dat VOV reproduksie positief beïnvloed by die Drakensbergerras. Koeie met 'n beter VOV het 'n laer TKP en 'n voordelige lanklewendheid. In die Rouvus kudde wil dit wel voorkom of seleksie vir VOV wel reproduksie in terme van lanklewendheid verbeter.

## KORRELASIES TUSSEN EIENSKAPPE

Korrelasies is 'n aanduiding van die verwantskap tussen twee eienskappe. Indien die korrelasie hoog is (0.7 tot 0.9) sal seleksie vir een eienskap die ander eienskap soortgelyk verbeter. 'n Lae korrelasie (0.1 tot 0.2) dui op 'n mindere beïnvloeding. 'n Hoë negatiewe korrelasie (-0.7 tot -0.9) dui daarop dat seleksie vir een eienskap die ander eienskap in die teenoorgestelde rigting sal beïnvloed. GDT en VOV is negatief (-0.65 tot -0.75) gekorreleer wat in hierdie geval 'n voordelige negatiewe korrelasie is.

**TABEL 4:**
**Genetiese korrelasies vir verskillende eienskappe**

| EIENSKAP | VOV | HOOGTE | LENGTE | SPEEN MAT. |
|---|---|---|---|---|
| GDT | -0.68 | 0.69 | 0.81 | 0.29 |
| VOV | - | -0.59 | -0.64 | -0.16 |

Die volgende is duidelik uit Tabel 4: GDT en VOV is hoog (-0.68) en betekenisvol met mekaar gekorreleer. Die korrelasie is nie volledig nie, wat beteken dat 32% van die bulle uitsonderings sal wees waar GDT voordelig mag wees, maar nie VOV nie. Dit beklemtoon waarom dit voordelig is om albei eienskappe te meet. Die genetiese korrelasie tussen GDT en hoogte (0.69) en lengte (0.81) is albei hoog. Dit is dus maklik om vir groei en bespiering te selekteer en groter diere te teel. Dit is meer voordelig in die SA veldtoestande om hoogte (grootte) te beperk maar vir lengte te selekteer. VOV is -0.64 met lengte gekorreleer. Dit is duidelik dat langer diere 'n meer voordelige VOV meet. Die lengte hoogte verhouding van Drakensberger bulletjies was in die 1960's en 1970's in groeitoetse 11% langer as hoog. Met die seleksieklem op GDT en VOV uit intensiewe en selfs ekstensiewe groeitoetse het hierdie verhouding verander na 20% langer as hoog. Met meting en toetsing het die bouvorm van die Drakensberger dus stelselmatig verander. Dit sal in die toekoms voortduur. Na jare se seleksie in Europa is die bulle vandag 26% langer as wat hulle hoog is.



**TABEL 5:**
**Fenotipiese korrelasie met wins**

| EIENSKAP | WINS |
|---|---|
| GDT | 0.25 |
| VOV | -0.79 |
| Begin Gewig | -0.45 |
| Vet % | -0.14 |

Gedurende 1991 is 27 ossies individueel gevoer, op dieselfde vetheidsgraad geslag en karkas ontledings is gedoen. Die GDT en VOV van elke os is bepaal ten einde individuele wins of verlies te bepaal. Dit is duidelik dat wins hoër gekorreleer is met VOV (-0.79) as met GDT (0.25). In hierdie studie was dit drie maal hoër gekorreleer met wins as naspeengroei (GDT). In ander soortgelyke studies was VOV twee maal hoër gekorreleer met wins. Dit is dus meer sinvol om die seleksieklem op VOV te plaas as op bespiering en naspeengroei (GDT).

Telers is geneig om groei en bespiering te oorbeklemtoon met die seleksie van teelbulle. Die gevolg is 'n goed bespierde maar soms droë bespiering wat aanleiding gee tot bouvorm swakhede soos 'n ronde perdeboud, regop hakke, korter kruisstuk en kleiner skrotum.



## OPSOMMING

- Die evaluasie van voeromsetverhouding by vleisbeeste in Suid Afrika verdien gewis meer aandag. Dit is nouer gekoppel aan wins as groeitempo. Dit bevorder 'n laer tussenkalfperiode by die koeikudde.
- Dit is verblydend om by Stamboek te verneem dat intensiewe groeitoets sentrums op plase opgerig word en dat bestaande plaas toetssentrums vergroot word.
- Die voordeel van intensiewe groeitoetse is dat die volle ontwikkelingspotensiaal van die jong kalf tot uiting kom en kan die bul akkurater visueel evalueer word. Die duur snitte van 'n karkas soos die kruis en lende ontwikkel laaste. Met intensiewe groeitoetse kom hierdie dele van die liggaam tot volle uiting en sal visuele evaluering korrek plaasvind.
- Sowat 90 persent van die beesvleis wat in stede verkoop word, word in voerkrale geproduseer. VOV het 'n betekenisvolle invloed op wins in die voerkraal. Groter diere neig om VOV te bevoordeel. In die seleksie van teelbulle moet grootte beperk word omdat die vroulike nageslag in 'n sub-optimale omgewing moet presteer. Die variasie vir VOV en grootte maak dit moontlik.
- Sal voerkrale meer betaal vir speenkalwers wat kom uit 'n kudde wat vir VOV selekteer? Dit moet onderhandel word. By die Sernick voerkrale kan diere op kontrak afgerond word. Die voordeel is dat die prestasies van sy eie groep diere beskikbaar is. In 'n onlangse kontrak het 'n teler se groep speenkalwers 2.4kg per dag toegeneem en 'n ander teler se groep slegs 1.5kg per dag. Dit is 'n resultaat wat toekomstige seleksie besluite sal beïnvloed.





# Voerkraalkontaknommers

Hier is ‘n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of ‘n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid) 082 774 4952 | Johan Botha - 082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick - 071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid) 083 300 1131 | Thys Fourie - 083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala 083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser - 082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl - 083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid) 082 857 5022 | Arnold Durr – 082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid) 082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie - 082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid) 082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit, +264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid) 082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff - 078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **NOORDWES** | | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| **GAUTENG** | | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk -<br>072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee -<br>082 600 8374 |
| **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.






## PLATINUM

Voermol

GALLAGHER™

## GOUD

Swift VEE

## SILWER

MOLATEK

## BRONS

LIONEL'S VETERINARY SUPPLIES

BONHEIM DRAKENSBERGER

VLEISSENTRAAL

unistel® Medical Laboratories

Virbac

HOOF TRIMMING DairySmid

# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!



**BLACK FOX** BF
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS** BH
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLOUBOSPUT** FK
KOOPMANSFONTEIN
Francois Weideman
082 948 2161
bloubosput@gmail.com

**BLYDE** DBB
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE** SS
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM** BO
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN** FD
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY** BV
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA** JJ
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA** C
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM** D
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL** DK
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D** XWX
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE** AAD
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX** RG
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON** F
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT** CL
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET** G
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK** PU
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL** VN
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL** HAS
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE** HP
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS** CH
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE** SL
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT** HN
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za



## Stoetteler (vervolg)

**INFRACOR** IR
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za

**JESUMAR** LL
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY** MM
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE** BJ
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA** BZ
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU** JR
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA** NB
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS** NBD
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE** NY
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN** JP
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG** PV
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN** QH
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA** JDE
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL** R
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS** GR
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE** JE
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME** NW
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI** SK
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SSENDRA** TD
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN** T
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL** MF
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS** VD
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND** VL
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG** U
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

### BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA



# ProAgri
## Jou vennoot in veilingsbemarking

### Alles onder één dak:

- Katalogusse – druk & digitaal
- Video's – lot & promosie
- Foto-skoonmaak – professionele beelde
- Ontwerp – advertensies, logo's, pamflette
- Sosiale /digitale dekking – Facebook, WhatsApp & Aanlyn artikles
- Uitnodigingsvideo's – laat jou veiling uitstaan



### Waarom ProAgri?

- Ons verstaan die landbou en veilingsbedryf
- Treffende bemarking vir maksimum blootstelling van jou veiling
- Professioneel, vinnig en doelgerig

## Laat ProAgri jou veiling na die volgende vlak neem!

Agri4all.com

PROAGRIMEDIA

Bianca Pretorius : +27 82 326 2572 | Bianca@proagri.co.za

Tiny Smith : +27 82 698 3353 | Tiny@proagri.co.za